

21 Julie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 5:5-10

Fokusgedeelte: 1 Petrus 5:7

Nederigheid teenoor God wys in volkome oorgawe

Kakiehemp, Lizzy T-hemp ... hoor jy hierdie begrippe, is daar 'n bepaalde beeld wat in jou gedagtes verskyn. Hoe jy uiterlik lyk, beskryf nie maar net 'n persoon nie, maar dit sê iets meer, van die innerlike.

Watter beeld kry ander mense as hulle na jou kyk?

Petrus sê dat daar iets is wat elke gelowige soos 'n kleed moet aantrek, iets wat jy jou hele lewe mee moet oordek, iets wat ander by jou moet raaksien; nederigheid.

Dalk het Petrus hier in sy gedagtes wat Jesus self aan sy dissipels gewys het: Daardie aand net voor die kruisiging, toe die Meester sy bokleed uitgetrek het en 'n handdoek om Hom gebind het, gelyk het soos 'n slaaf, voor sy dissipels gebuk het en hulle voete gewas het om vir hulle te wys hoe ware nederigheid lyk.

So moet jy vandag steeds jou lewe met nederigheid oordek, sigbaar vir elkeen om te sien. Dit geld vir oud en jonk, man en vrou, werkgewer en werknemer, noem maar op. Is jy bereid om die minste te wees? So, dat ander jou daarmee identifiseer?

Petrus stel dit nog duideliker. Nederigheid moet nie net daar wees in jou onderlinge verhoudinge nie, maar hoe staan dit met jou nederigheid teenoor God? Nederigheid teenoor God beteken dat ek sy Almag erken, en daarteenoor my eie onmag.

Dit is waarom Petrus sê: "Werp al julle bekommernisse op Hom." Dit moet 'n doelbewuste aksie van jou wees om jou vertrouwe in God te plaas. Want sien, die oomblik wat ek self my omstandighede sonder God probeer hanteer, is ek mos groot en sterk genoeg, en God nie die Almagtige wat altyd en oor alles in my lewe regeer nie. Maar gee eerder nederig jou lewe oor aan God, gee al jou bekommernisse oor aan God, want hy sorg. Dit is die kleed wat om jou moet wees.

Trek nederigheid teenoor God aan soos wat jy klere aantrek elke oggend, wys met jou hele lewe: Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid.

Sing: Psalm 9:1, 7 (1936-beryming)

Ds L Kruger (Vanderbijlpark-Oos)